14

MENSE HET REGTE!

Gesonde grense binne verhoudings

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet selfrespek en respek vir ander skep gesonde Christelike verhoudings.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet dat mense –

- geskape is na die beeld van God;
- respek moet hê vir mekaar se uniekheid; en
- mekaar moet aanvaar binne die grense en norme van die Bybel.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om respek vir ander mense te hê.

Vaardigheid

Die kinders gaan vra hulle ouers –

- of hulle al vir iemand baie kwaad was;
- of hulle weer vrede gemaak het;
- hoe hulle dit gedoen het; en
- wat die gevolg daarvan was.

MEER INLIGTING (Matteus 5: 21-26)

In ons verhoudings met alle ander mense is ons óf besig om tot ander se lewenskwaliteit by te dra óf om hulle lewensmoontlikhede te belemmer. Goeie en slegte dade begin in ons harte of gedagtes. Ons noem dit ons gesindheid teenoor mekaar. Wat in 'n mens se hart gebeur en wat jy jou dan voorneem om te doen, is in God se oë reeds 'n deurslaggewende daad. As jy vir jou medemens kwaad word en hom of haar in jou gedagtes uitskel, is jy reeds besig om hom of haar af te breek – die Bybel sê dit is alreeds so goed soos moord. Jou gesindheid en woorde is in beginsel alreeds moord.

Jesus wil hê ons moet ons teenstanders opsoek en vrede maak. Moenie met 'n wrok rondloop nie. Jesus wil dat jy moet soek vir versoening. Versoening baan die weg na 'n gesonde lewe – vir jou en vir jou medemens.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Bid Gesang 308 as gebed van toewyding.

Neem my lewe, laat dit, Heer,
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en van dankbaarheid getuig.

Neem my hande, maak hul sterk –
diensbaar in u goeie werk.
Neem my voete, skoei hul, Heer,
met bereidheid tot u eer.

Neem my stem en laat my sing –
aan U, Here, hulde bring.
Laat my mond dié boodskap dra:
Hul sal vind wat na U vra.

Neem my goud en silwer, Heer –
niks noem ek my eie meer.
Al my kennis en verstand
stel ek in u vaderhand.

Maak my hart vir U tot troon
deur u Gees wat in my woon.
Rig my wil, gevoel en daad
altyd na u wyse raad. Amen.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders vertel van gemeenskapsprojekte wat daadwerklik daarop ingestel is om die skepping te bewaar. Hoor waar hulle hulle kragte gaan ingooi.
- Laat 'n paar kinders vertel wat hulle daarvan dink dat hulle as klas 'n park of straat of openbare plek in hulle dorp of omgewing wat besoedel is, gaan opruim het.
- Het hulle dit –
  - as *gelowiges* gedoen; en
  - as opdrag uit God se Woord?

- Laat hulle die prente opplak wat hulle saamgebring het om die omvang en skade van besoedeling uit te wys.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

In ons verhoudings met ons medemens is ons óf besig om tot ander se lewenskwaliteit by te dra óf om hulle lewensmoontlikhede te belemmer. 'n Slegte of 'n goeie daad begin in ons harte of in ons gedagtes, dit begin by die regte of verkeerde gesindheid teenoor ons medemens. Wat in 'n mens se gedagte gebeur, is in God se oë reeds 'n deurslaggewende daad. As jy vir jou medemens kwaad word en hom of haar in jou gedagtes uitskel, is jy reeds besig om hom of haar af te breek – die Bybel sê dit is alreeds so goed soos moord. Jou gesindheid en woorde is in beginsel dus alreeds moord.

IETS INTERESSANT

Lees Matteus 5: 21-26.

21"Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'. 22Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.
23"As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, 24laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.
25"As iemand 'n regsaak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie. 26Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie."

Vra die kinders om te vertel wat hulle dink dit beteken om geskape te wees na die beeld van God. Verskeie antwoorde sal gegee word.

- Dit beteken nie ons *lyk* soos God nie.
- Dit beteken ons máák soos God. Ons het lief soos Hy liefhet.

As beelddraers van God moet ons dus *liefhê.*

Vra die kinders om te vertel wat hulle dink gesonde Christelike verhoudings is. Verskeie antwoorde sal gegee word. Verduidelik wat dit beteken:

- Gesonde verhoudings kry ons daar waar mense mekaar liefhet.
- Om lief te hê, beteken om –
  - respek vir die ander persoon en vir sy of haar uniekheid te hê;
  - die ander persoon te probeer verstaan;
  - die ander persoon te vergewe;
  - aan die ander persoon te doen wat jy aan jouself gedoen wil hê; en
  - die ander persoon te help as dié in die nood is.

As ons liefhet, het ons respek, vergewe ons en verstaan ons.

Vra die kinders om te vertel wat dit beteken om mekaar te aanvaar. Verskeie antwoorde sal gegee word. Verduidelik wat dit beteken.

- Mense aanvaar mekaar as hulle –
  - mekaar vertrou; en
  - verstaan dat elkeen uniek is en van mekaar mag verskil.

As ons mekaar aanvaar, dan vertrou en verstaan ons mekaar.

Jesus heg so 'n hoë waarde aan versoening dat die vraag oor aan wie se kant die reg is, glad nie ter sprake is nie. Al is jou broer of medemens die verkeerde een, word die eis om versoening aan jou gestel.

Dis natuurlik baie anders as wat die wêreld dit doen. Jesus wil dit anders hê. Jou medemens bly jou verantwoordelikheid. Juis daarom is jy vir die daad van versoening verantwoordelik. Dit is presies wat Jesus gedoen het. Hy, die Onskuldige, het vir die skuldiges gesterf toe hulle nog onberouvolle sondaars was sodat hulle met God versoen kan raak. As Hy dit nie vir my gedoen het nie, dan sou ek onder God se toorn tot niet gegaan het. Maar ter wille van my lewe het Hy ten spyte van my skuld sy lewe as 'n versoeningsoffer prysgegee.

IETS BELANGRIK

As beelddraers van God, moet ons *liefhê.* As ons liefhet, het ons respek, vergewe ons en verstaan ons. As ons mekaar aanvaar, dan vertrou en verstaan ons mekaar.

Matteus 7: 12 sê: *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.*

IETS OM TE DOEN

Die toets vir dissipelskap lê nie in mooi woorde en vroom belydenisse nie, maar in die alledaagse doen van die regte dinge. 'n Ware gelowige het liefdevolle, dienende hande!

Prent die onderstaande by die kinders in, en laat hulle daarna die res voltooi.

- As jy daarvan hou om met respek behandel te word, behandel altyd alle ander mense met respek.
- As jy daarvan hou dat ander mense na jou luister as jy praat, luister dan altyd na ander mense wat met jou praat.
- As jy waarde heg aan jou eiendom, hanteer ander se eiendom met ewe veel respek.
- As jy op sekere regte in die samelewing wil aanspraak maak, erken en gee ook vir ander dieselfde regte.
- As jy daarvan hou om elke dag 'n goeie bord kos te eet, sien dan ook vir so ver dit in jou vermoë is toe dat ander honger mense ook kos het om te eet.

Jesus se motivering vir hierdie goue reël is *die wet en die profete*, dit wil sê, die grootste deel van die Ou Testament. So wil God dat julle moet lewe. So lewe mense van die koninkryk. In God se koninkryk is jou naaste jou besigheid.

Efesiërs 5: 1-2: *Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het.*

Laat die kinders twee-twee saam gesels oor, antwoorde vind op en hulle bevindings neerskryf oor die volgende kopkrappers:

- Die wet van God sê 'n mens moet jou pa en ma respekteer en eer. Wat gebeur in 'n gesin waar die ouers die kinders mishandel of verwaarloos?

  .....

  .....

  .....

  .....

- Soms maak mense dit baie moeilik om vir hulle lief te wees. Hoeveel keer moet jy teruggaan om verhoudings te probeer red? (Vergelyk Matteus 18: 21 en 22.)

  .....

  .....

  .....

  .....

- Sê nou jy het letterlik alles probeer doen om dinge tussen jou en iemand anders reg te maak, maar die ander persoon hou aan om jou te beskuldig, seer te maak, nie oor die probleem te praat nie en nie in versoening belang te stel nie? Gesels hieroor, en kyk veral na Matteus 18: 15-17 en Romeine 9: 17-18.

  .....

  .....

  .....

  .....

  .....

  .....

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders ’n lys maak van sogenaamde *moeilike* mense in hulle lewe en dit by volgende week se les inskryf. Laat hulle neerskryf –
  - waarom hulle verhouding nie goed is nie; en
  - hoe hulle beheer van die situasie kan neem. Hulle moet probeer verstaan hoe die *moeilike* mense voel.
- Die kinders word aangemoedig om te bid dat die Here vir hulle almal wysheid en leiding sal gee sodat hulle beter oor die weg kan kom.
- Die kinders gaan vra hulle ouers –
  - of hulle al vir iemand baie kwaad was;
  - of hulle weer vrede gemaak het;
  - hoe hulle dit gedoen het; en
  - wat die gevolg daarvan was.

LEER

Die kinders leer Matteus 22: 37 uit hulle kop: *Jesus antwoord hom: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself’.*

AFSLUITING

- Sluit af met gebed.

NOODSAAKLIK MET DIE OOG OP VOLGENDE WEEK:

Reël met ’n predikant of ’n ander berader of sielkundige om met volgende week se klasaanbieding te kom help.